

ERRATUM

Die redaksie wys graag op die volgende fout wat ingesluit het op p. 240 van die artikel wat in die Junienommer (TGW 63(2):229-245) van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* verskyn het: Dreyer, J & Van der Walt, K. 2023. Die oorsprong van die mens: “Laat Ons mense maak” *The origin of man: “Let us make humans”*.

Die Hebreeus in die tersaaklike gedeeltes moet asseblief soos volg lees:

Paragraaf 2:

Genesis 2:7 word uit die antieke Hebreeus in Afrikaans vertaal as: “die Here God het die mens met stof uit die grond gevorm...”. Die antieke Hebreeuse woord wat in die teks gebruik word en in die 2020-vertaling as “gevorm” vertaal word, is volgens Strong (2009:#3335) *yatzar* (יצר / y.ts.r), wat beteken “om te vorm” of “om te fatsoeneer” (in Engels “mold”). Die woord *yatzar* word in Genesis 2:7 in teenstelling met die woord *bara* (Strong, 2009: #1254) van Genesis 1:26 gebruik. *Bara* beteken om iets uit niks te skep, terwyl *yatzar* beteken om iets te omvorm of te herfatsoeneer. Die woord *yatzar* kom ook voor in Genesis 2:19: “Toe vorm die Here God uit die grond al die diere van die veld en al die voëls van die hemel” (2020-vertaling). Die woord *yatzar* word in die antieke Hebreeus van II Samuel 17:28; Jesaja 29:16; en Jeremia 18:1-17 gebruik vir die vorming van kleiware deur ’n pottebakker, sowel as in Jesaja 44:9 en Hábakuk 2:18 vir die maak van afgode deur ’n goudsmid. Jesaja 49:5 gebruik die woord *yatzar* verder vir die vorming van die dienskneg van God in die moederskoot.

Paragraaf 3:

Volgens die 2020- Afrikaanse vertaling van die antieke Hebreeuse Genesis 2:7a het “die Here God die mens met stof uit die grond gevorm...”. Die antieke Hebreeuse woorde wat as “stof uit die grond” in Afrikaans in die 2020-vertaling vertaal word, is (עפר) *a’phar* (Strong, 2009:#6083) en (אדמה) *a’da’mah* (Strong, 2009:#0127). *Adamah* beteken “aarde of grond”, terwyl *aphar* die antieke Hebreeuse woord is vir “stof”. Die mens is volgens Genesis 2:7 met ander woorde gevorm uit die aarde self. Die naam Adam is daarom ook inderdaad verwant aan die antieke Hebreeuse woord vir aarde of grond *adamah*.

Paragraaf 4:

Volgens die 2020- Afrikaanse vertaling van Genesis 2:7 uit antieke Hebreeus [het God] “...in sy neus die asem van lewe geblaas. So het die mens ’n lewende wese geword”. Die antieke Hebreeuse woord *neshamah* (נשמה / ne’shey’mah) word volgens Strong (2009: #5397) vyf-en-twintig keer in die 2020-vertaling van die Ou Testament as “asem” vertaal. In Genesis 2:7 maak *neshamah* van die mens ’n lewende wese. In Job 32:8 bring *neshamah* egter geestelike begrip. Volgens Psalm 104:29 is *neshamah* noodsaaklik vir lewe: “U neem hulle asem (*neshamah*) weg, hulle vergaan en keer terug na die stof wat hulle was”.

Paragraaf 5:

Die 2020-vertaling se Afrikaanse woord “lewende” (soos in “lewende wese”) is ’n vertaling van die antieke Hebreeuse woord *chayah* (Strong, 2009:#02421), terwyl die 2020-vertaling se Afrikaanse woord “wese” ’n vertaling van die antieke Hebreeuse woord *nephesh* (Strong, 2009:#05315) is, wat dikwels op ander plekke in die Bybel as “siel” vertaal word.